# DIE VISSERS EN HULLE VANGS.

(Boodskap by slotdiens van die Gebiedsunie-konferensie van die Kerkjeug-ver. te Ermelo: II-I4 Apr. I952).

Skriflesing: Joh. 2I: I-I4. Lukas 5: 1-11

Teks: Joh. 2I:7 - Daarop sê;die disiepel - die een vir wie Jesus liefgehad het- vir Petrus: Dit is die Here!

Teks: Joh. 21: 3

Baie arm sou die Kerk wees wat nêrens in die wonderlike, heerlike boodskap van Paasfees 'n gepaste slotwoord kan vind vir 'n samekoms soos hierdie - 'n samekoms van die jeug van ons Kerk. Want as die opstanding van Christus uit die dode vir ons enigiets beteken dan moet dit 'n boodskap bring wat ook ons uit die dood opwek en ons laat triomfeer oor die dood om ons heen. So 'n boodskap soek ons vanaand uit Gods Woord.

Die gedeelte wat ons gelees het vertel van sewe disiepels wat daar saam is by die meer van Galilea - die ou plek van samekoms, die plek ryk aan baie herinneringe. Waarom is hulle daar? Hulle is daar in opdrag van Christus,- dié Christus wat besig is om hulle toe te rus en gereed te maak vir 'n groot taak, vir aksie in diens van Sy Kerk. Vir so 'n gereedmaking het Hy die rustige afsondering van die meer nodig, nie die gewoel en gejaag van die stad nie!

Ook ons wil in aksie kom vir Christus en Sy Kerk; ook ons is deur die Meester self opgeroep om hier te wees in die afsondering van die lieflike omgewing, in die samesyn van 'n konferensie wat by baie talle van herinneringe opreoep!

Die sewe disiepels: wat maak hulle daar? Met reg sou ons kon verwag dat hulle, na die gedenkwaardige opstandingsdag, enig van sy soort in die hele geskiedenis, besig sou wees om die hele wêreld om hulle ophorings te neem! Ons sou verwag dat hulle die hele land sou deurreis met 'n brandende entoesiasme en 'n onblusbare blydskap terwyl hulle onophoudelik vertel: „Die Here het opgestaan en aan sy disiepels verskyn!"



Wat vind ons? Nooit kan ons dankbaar genoeg wees vir die evangelis se nugtere en eerlike weergawe van die toneel: 'n groepie manne, wagtend op 'n opdrag van Bo - en tog skugter, twyfelend, ondeker - ja, selfs radeloos. Daarom dat Petrus - die een wat altyd die eerste optree - die spanning later nie meer kon verduur nie en sy toevlug neem tot dié ding wat hom die naaste aan die hart lê as hy sê: „Ek gaan visvang." Gewillig volg die ander hom.

Besef u wat dit beteken? Hier het ons 'n groepie mense, mense wat getuies was van die grootste gebeurtenis op aarde, mense met nuus wat die hele wêreld in beroering sou bring - en hulle gaan visvang!

Maar ons mag nie oordeel nie: voel ons nie ook baiekeer só nie? Hier is ons as groep van jong Christene saam, besig met die grootste saak op aarde: die saak van Christus en sy Kerk - en het ons nie ook die afgelope dae soms gevoel dat ons tastend, onseker, weifelend, aarselend elke nuwe stap neem nie? Hier staan ons, met hierdie jong vereniging, aan die begin van 'n groot, nuwe belewing. Ons glo dat ook hierdie saak van God is; ons is innig dankbaar vir alles wat ons reeds ontvang het - en tog is daar in die dinge nog die onsekerheid: Waarheen? Hoe?

Daar kom sulke tye van afwag, van stilwees, van soeke in elke mens, elke jong beweging, elke Kerk se lewe. Baiekeer word ons ongeduldig dat dit so is - en tog sien ons elke keer dat dit nodig was en goed, dat dit so deur God beskik is om ons tot groter dinge op die regte tyd te lei.

Maar laat ons weer terugkeer na die verhaal: daar, op die meer waar dieselfde disiepels as vissers al vantevore so baie nagte van vrugtelose vangste belewe het, vind ons hulle nou weer. Dwarsdeur die lang donker ure van die nag dobber hulle op die waters rond - sonder om iets te vang. As dit vantevore gebeur het sou dit niks uitsonderliks gewees het nie - maar nou! Alles is mos anders: Christus het tog opgestaan, sy vyande verslaan, die dood oorwen. Hoe is dit moontlik dat Hy kon toelaat dat hulle vangs...

vangs so vrugteloos kon wees?

Nog dieper word die vernedering van hulle mislukking by hulle ingeskerp as iemand op die strand hulle vra of hulle iets gevang het. Bewus van hulle onmag en onvermoë antwoord hulle: Nee. Op 'n wenk van die oewer om die net aan die regterkant uit te gooi, gehoorsaam die groep - en aanskou met verbasing dat dieselfde water wat die hele nag geen enkele vis gelewer het nie, nou sy oorvloed lewer - ja, en dit lewer waar hulle dit die minste verwag het!

Maar dis nie al nie: die vangs bring baie ander dinge na vore. Sonder dat 'n enkele woord gespreek is, word hulle herinner aan hulle eie onmag en hulpeloosheid. Ja, hulle word verder in herinnering teruggevoer na 'n ander dag, op dieselfde meer, toe presies dieselfde toneel hom afgespeel het na 'n nag van vrugtelose arbeid, to presies dieselfde opdrag gekom het en die uitwerking net so wonderlik was. Daardie herinnering roep in hulle wakker die woorde van die Meester by dié geleentheid: „Moenie vrees nie; van nou af sal julle mense vang." En wat toe vir hulle versluier was, word nou duidelik: dis hulle opdrag, dis hulle taak - om vissers van mense te word!

En ons - ons wat in aksie wil kom vir Christus en sy Kerk - moet ons nie ook eers belewe iets van die onmag om iets self te doen? Moet ons nie ook eers belewe die wonder almag van Christus wat Hy tot ons beskikking wil stel nie? Dan eers word ons opdrag vir ons duidelik; dan eers ontvang ons die onmisbare toerusting vir die taak wat wag!

„Dit is die Here!" Soos 'n elektriese skok gaan die woord van Johannes deur die groep. Van die oomblik dat hulle dit weet is al hulle gedagtes en bewegings op die oewer gerig waar die Heiland hulle staan en inwag. Let op Petrus: wat normaalweg 'n onvergeeflike oortreding vir 'n ervare visser sou wees, word nou die natuurlike vanselfsprekende daad - hy los die net, die visse, sy makkers, die skuit - hy gaan landtoe! Net een doel: Na die Meester!



Deur hierdie enkele daad word ons gewaarsku-gewaarsku teen vier ernstige gevare wat elkeen van ons bedreig wat vir die Here wil leef en werk: (i) Laat ons oppas om op onsself te let, op ons swak punte, of - wat nog erger is - op ons sterk punte. Want so maklik dring eersug binne, so gou trek ons die net na onsself - en trek dit so stukkend!

(ii) Laat ons oppas om op ons mede-arbeiders te let asof ons lewe en diens bepaal moet word deur hulle optrede en gesindheid. Hoe maklik en gou ontstaan langs die weg verdeeldheid, jaloesie, naywer en getwis wat die dood is van alle Christelike diens!

(iii) Laat ons oppas om eerstens op die see en die storms te let. Petrus het dit eenmaal vantevore gedoen - en hoe gou het hy nie gesink nie!

(iv) Laat ons oppas om eerstens op die vangs te let - om die sukses van ons werk en diens te meet deur getalle of groot somme geld of die byvalsbetuiginge van die gemeente of die skares om ons heen.

Nee, laat ons vooral ons oog hou op Jesus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Laat ons een doelwit en strewe wees: Na Jesus - al beteken dit ook dat ons alles om ons moet verlaat! Alleen as ons op Hom sien, wat in Sy heerlikheid aan die oewer staan, kan ons die net in die regte rigting trek!

Ons is 'n jong verenging. Baie gevare, versoekings, valstrikke bedreig ons as lede, as jong Christene, as takke. Daar is die gevaar dat ons net op onsself sal let, net aan onsself sal dink, net ons eie belange sal wil bevorder. Waak daarteen! Ofdaar is die gevaar dat ons net na ons mede-arbeiders sal wil kyk, ons doen en late sal laat bepaal deur hulle voorbeeld en gesindheid. Dit bring so maklik mee dat wanneer ander hulle plig versuim en ontrou word, ons ook maar die tou laat slap lê en lui word. Waak daarteen!

Daar is die gevaar dat ons ons blind staar op die dreunende see en die dreigende storm - die....

die vyandigheid, of onderskilligheid of die bespotting van anders jongmense wat saam met ons werk of loseer of speel. Of miskien wag daar moeilike probleme in ons tak, in ons omgewing waarvoor ons terugdeins. Weer sê ons: Waak daarteen!

(4) Of - die laaste versoeking - dreig daar die gevaar dat ons eers seker wil wees van die grootte van die vangs, die sukses van ons werk, voordat ons wil deelneem. U ken die wonderlike bekoring van groot getalle. Dank God as hulle op die regte manier kom en as bewys van vrug op u troue en toegewyde arbeid. Maar vrees daardie selfde getalle as hulle deur minderwaardige, onwaardige of onheilige metodes kom! Moenie u vereniging kunsmatig probeer voed deur allerlei kunstoertjies en goedkoop propaganda nie. Die saak van die Meester lei daardeur oneindig veel skade. Ons saak is so groot en so goed dat ons nie nodig het om dit te propageer langs weë wat klein en sleg is nie!

En laat osn nooit vergeet: die boom wat baiekeer vol blare staan, staan daar soms sonder vrug - terwyl ~~die~~ aan die anderkant die lang nag se vrugtelose vangs skeilik omskep kan word in vol nette - as ons net die Meester wil gehoorsaam! As ons gelowig bid, getrou werk en oorwinnend lewe sal God die getalle bring. Maar laat ons oog nie wees op die vangs - laat dit wees op die Visser van mense! Dan sal ook ons Christelike aksie suiwer wees, en sterk en geseënd!

Amen.

— Die sewe: watter soort mense

— Plek vir meer hande

— Vissersboot op eilandjie!